# UIT DIE PEN VAN DIE CEO (38/15)

justchad_cga

*Justin Chadwick 9 Oktober 2015*

***GESEGDE VAN DIE WEEK "Knowledge is knowing a tomato is a fruit; wisdom is not putting it in a fruit salad" Miles Kington/Brian O'Driscoll***

## KENNISGEWING VAN SITRUSBEMARKINGSFORUM (CMF)

Die laaste CMF vir die jaar gaan op **Woensdag, 15 Oktober 2015, vanaf 10:00 by Olive Grove, Infruitec, in Stellenbosch** gehou word**.** Die agenda sluit 'n terugblik in op die aanvanklike skattings en volumes (2015) wat tot op datum gepak is (feitlik finaal) (insluitend die immer gewilde kompetisie om te sien wie se skatting die naaste aan die kol was en blootstelling van diegene wat klaaglik misluk het – 'n paar verrassings die jaar!!); terugvoering van die markte; terugvoering oor die Mededingingskommissie se opinie oor die deel van inligting; DAFF se insette oor inspeksie en plantgesondheid; en PPECB terugvoering.

## NUUTSTE EUROPHYT VERSLAG

Die Europhyt Verslag wat besonderhede rakende onderskeppings van peste in die EU vir September, is vrygestel; tydens laas maand was daar 7 onderskeppings van CBS vir Uruguay, 5 elk vir Argentinië en Brasilië; 3 vir Suid-Afrika en 1 vir Swaziland.

## FITOSANITêRE REGISTRASIES

PUCs en PHCs moet vir fitosanitêre markte registreer. Dit kan gedoen word deur die aanlyn hulpmiddel te gebruik wat hier beskikbaar is: http://dev.cga.co.za/PhytClean/index.php

'n Dokument wat as 'n handleiding vir registrasie dien is saamgestel en is ook op die webwerf beskikbaar. Registrasies moet teen 30 Oktober 2015 afgehandel wees wat beteken dat harde kopië reeds teen daardie tyd aan DAFF verskaf moes gewees het. Geen laat registrasies sal aanvaar word nie.

Portia by CGA kan help met registrasie navrae (031 765 2514), of Paul Hardman vir tegniese sake, of Patrick Magadani vir vrae omtrent fitosanitêre registrasiereëls (012 319 6235). **Moet asseblief nie tot op die laaste wag nie!!**

## VERANTWOORDELIKE PRODUSENTE

Die afgelope paar jare was Suid-Afrika in die kollig in die EU weens CBS. Departement van Landbou, Bosbou en Visserye (DAFF) het 'n risiko-bestuurstelsel (RMS) vir CBS ontwikkel wat deur die EU as robuus en omvattend erken word. Produsente het na vore getree en die RMS ingestel en geïmplementeer – met uitstekende resultate. Ongelukkig (soos met enige regulasies) is daar 'n minderheid wat nie volgens die reëls speel nie en kreatiewe maniere vind om te probeer om die vereistes te omseil. DAFF (ondersteun deur die bedryf) het begin met 'n streng benadering ten opsigte van enigiemand wat probeer om die implementering van die RMS te vermy – as voorbeeld gaan diegene wat herhaaldelik op die "alert list" verskyn, nie toegelaat word om vir die EU te registreer nie. Bykomend – produsente wat vals produksie-eenhede geregistreer het, sal opgespoor word en ook van die EU mark uitgesluit word. 'n Produksie-eenheid is 'n spesifieke stuk grond wat deur 'n titel-akte gedek word. As jy meer as een produksie-eenheid geregistreer het met slegs een titel-akte, sal dit tot jou voordeel wees as jy daardie addisionele eenhede de-registreer. CGA is genader om regstappe te oorweeg teen produsente wat die uitvoer van Suid-Afrikaanse sitrus na die EU aan risiko blootstel.

## GEPAK EN VERSKEEP

Wel daar het jy dit – nog 'n rekord-volume van sitrusvrugte wat vanaf suider-Afrika uitgevoer is. Hierdie jaar het die volumes van wat gepak is, die volumes van 2014 met net meer as 1% oorskry; en is 3.6% meer as die aanvanklike skatting. Daar is steeds nog 'n bietjie wat gepak moet word en daarom kan die eindresultaat selfs nog meer wees!! Alle sitrus-sektore behalwe nawels het beide die skatting en 2014 se volumes geëwenaar (suurlemoene) of oortref (Valencia, pomelo's en suurlemoene). Baie geluk aan almal betrokke by "getting the job done". Dit sluit die plaaswerkers, produsente, pakhuise, vervoerkontrakteurs, koelkamers, terminale, "freight forwarders", uitvoeragente, skeepsrederye, ontvangers, beamptes van die regering (DAFF, DTI, DIRCO), PPECB, laboratoriums, navorsers, CGA, FPEF, handelaars, groot handelaars en verskaffers in, asook almal wat hulp verleen het tydens die produksie, oes, verpakking, vervoer en verspreiding van 1 756 500 ton van suider-Afrika sitrus.

| Tot einde Week 40 Miljoen 15 Kg Kartonne | Gepak | Gepak | Gepak | Verskeep | Verskeep | Aanvanklike Skatting | Nuuste Voorspelling | Finaal Gepak |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **BRON: PPECB** | **2013** | **2014** | **2015** | **2014** | **2015** | **2015** | **2015** | **2014** |
| Pomelo's | 18.2 m | 15.6 m | 16.2 m | 15.3 m | 16 m | 15.3 m | 16.2 m | 15.6 m |
| Sagte Sitrus | 8.4 m | 9.9 m | 10 m | 9.6 m | 10 m | 10 m | **10 m** | 10 m |
| Suurlemoene | 10.6 m | 13.2 m | 14.9 m | 12.9 m | 14.6 m | 13.6 m | 15 m | 13.2 m |
| Nawels | 25.4 m | 26 m | 24.5 m | 26 m | 24.5 m | 25.1 m | 24.5 m | 26 m |
| Valencias | 49.6 m | 49.5 m | 51.5 m | 43 m | 47.3 m | 49.1 m | **51.5 m** | 50.9 m |
| Totaal | 112.2 m | 114.2 m | 117.1 m | 106.8 m | 112.4 m | 113.1 m | 117.2 m | 115.7 m |